CREDO & Geelhoutboom

CREDO - Wat hou ons besig in hierdie tyd van "Lockdown"? Ons deel graag die volgende nuus oor ons bediening.

Eden FM:
"Senzeni Na" Twee Zoeloe woorde wat beteken "Wat het ons gedoen?" Dit was die opskrif van 'n baie emosionele artikel deur 'n korrespondent van News 24 op 24 Junie 2020. Dit het gegaan oor die geweld teen – en mishandeling van vroue in Suid-Afrika.

In haar artikel het die korrespondent iets deurgegee oor wat so baie vroue in Suid-Afrika elke dag deurmaak en die fisiese, emosionele en geestelike impak wat dit op so baie lewens het. By die lees van die artikel ontstaan baie vrae. "Is dit regtig so erg soos hierdie skryfster op so 'n emosionele wyse die prentjie skilder? Is dit regtig so dat duisende vroue in ons land in vrees lewe as hulle iewers moet heengaan - al is dit in 'n motor?"

'n Kykie na die vorms van mishandeling en die statistieke rondom die moord op - en mishandeling van vroue in ons land het ons regtig tot stilstand geruk en laat besluit om deel te word van die soeke na God se oplossing vir hierdie verskriklike pandemie wat ons land getref het. Ons deel net kortliks iets van hoe dit lyk.

Wat behels geweld teen - en mishandeling van vroue?
Dit sluit in: Moord, Aanranding, Seksuele aanranding en Verkragting, Verbale mishandeling, Finansiële mishandeling, Emosionele en Geestelike mishandeling, Sosiale afsondering en Beskadiging van eiendom.

Hoe lyk die moord syfer?
Elke 3 uur word 'n vrou iewers in Suid-Afrika vermoor. Na die opheffing van die verbod op alkoholverkope in Junie maand was nie minder as 29 vroue in S.A. vermoor nie.

Verkragting:
In die jaar 2018/19 was 52 240 gevalle van verkragting aangemeld. Dws. amper 6 gevalle elke uur. MAAR daar word ook bereken dat slegs 1 uit elke 9 gevalle aangemeld word, en dit maak die werklike prentjie (470 160) meer as net skrikwekkend, want dan is dit amper 1 elke minuut!! Om die prentjie meer duidelik te maak, moet ook genoem word dat slegs ±14% van oortreders suksesvol vervolg word. Wat dit ook vererger is dat in so baie gevalle is die oortreders aan die slagoffers bekend en gebeur hierdie tragedies binne sulke verhoudings.

Ander vorms van mishandeling:
Hierdie statistieke sluit nie die ander vorms van mishandeling in nie, maar hul realiteit kan nie ontken word nie. Bv. Enkel moeders wat alleen die finansiële verantwoordelikheid vir hul kinders dra omdat hul mans nie onderhoud betaal nie, en huishoudelike geweld wat nooit aangemeld word nie.

Wat van Christene?
Een van die grootste tragedies in hierdie verhaal is dat ons in 'n land woon waar tussen 70 – 80% van mense sê dat hulle Christene is, en baie van hierdie mishandeling gebeur ook tussen Christene en word God se Woord gebruik deur mans wat hul vroue wil beheer en dus hul vroue geestelik en emosioneel met die Bybel mishandel. Die kerk staan dus ook nie eenkant as 'n onbetrokke party nie.

Wat staan ons te doen?
Ten eerste het ons besluit om vir eers ons weeklikse radioprogram oor dissipelskap aan die bestryding van die pandemie te wei, en fokus ons op God se doel met beide man en vrou.Wat die Bybel vir ons leer oor verhoudings en die waarde wat man en vrou by mekaar se lewens voeg. En hoe 'n verhouding met God deur Jesus Christus die gety kan draai.

Tweedens probeer ons die "problematiese gedeeltes" in die Bybel aanspreek en in hul regte konteks te plaas sodat luisteraars God se hart in hierdie gedeeltes kan hoor, en indien daar luisteraars is wat onder die mishandeling ly, hulle vry kan kom van mishandeling, skuldgevoelens en 'n swak selfbeeld.
Ons probeer veral om die gedeeltes in hul ware historiese konteks te plaas sodat oortreders kan hoor en verstaan dat hul verdraaiing van God se Woord verkeerd is.

Derdens het ons met die bestuur van Eden FM gesels en beplan ons 'n werkswinkel vir die aanbieders van geestelike programme sodat hulle ook die boodskap met hul luisteraars kan deel. En natuurlik deel ons ook die inligting op platforms soos hierdie met die oproep dat elkeen wat dit lees sal bid vir ons land en vir al hierdie getraumatiseerde slagoffers.

John Maxwell skryf in die Leierskap Bybel dat elke mens ander kan beïnvloed, en dat selfs introverte tot 10 000 ander mense in hul leeftyd kan beïnvloed. Kom ons staak dus die stilswye en deel die boodskap met ander, veral Jesus se woorde dat Hy gekom het om die gevangenes vry te laat.

Baie vroue is vasgevang in sulke verhoudings en kan nie loskom agv. omstandighede en vrees nie, en hulle het hulp en ondersteuning nodig.

Vir meer inligting kan
Andre 083 378 6649 of
Nicolette 082 781 5310
gekontak word.

Geelhoutboom:

Weens die impak van die Corona virus was ontmoetings en vergaderings met die gemeenskap wat ons help nie moontlik nie. Maar die proses om hulle te help om die grond wat aan hulle geskenk was te verkry gaan steeds voort.

Tans benodig ons die hulp van 'n maatskaplike werker wat vir ons 'n ondersoek kan doen oor die gemeenskap en hul omstandighede sodat ons dit kan voorlê aan die regsverteenwoordigers wat die gemeenskap verteenwoordig. As daar dalk iemand is wat kan help is hulle welkom om ons te kontak.

Verder dank ons die Here vir ons gesondheid en dat ons as 'n gesin, en ook ons uitgebreide familie, in hierdie tyd Coronavirus vry gebly het.

Eden FM, ons plaaslike gemeenskapsradiostasie het 'n sterk evangeliese fokus as deel van hul bediening van die gemeenskap. Ons is nou al 7 jaar betrokke by hulle met die program *"Kom saam met MY"*.

Die program word op 'n Dinsdagaand tussen 19:00-20:00 op **Eden FM - 93.8** uitgesaai.

(Klik hier om aanlyn te luister)